education

Lefapha la Thuto la Bokone Bophirima
Noord-Wes Departement van Onderwys
North West Department of Education
NORTH WEST PROVINCE

PROVINSIALE ASSESSERING

GRAAD 11

GESKIEDENIS V1

ADDENDUM

NOVEMBER 2019

Hierdie addendum bestaan uit 14 bladsye.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1: HOE HET LENIN DIE MARXISME IDEOLOGIE IN DIE UNIE VAN SOWJET-SOSIALISTIESE REPUBLIEKE (USSR) VANAF 1918 TOT 1924 TOEGEPAS?

BRON 1A

Die onderstaande bron beklemtoon die hervormings wat Lenin in 1918 ingestel het.

Met Rusland uit die oorlog het Lenin daarop begin konsentreer om 'n sosialistiese samelewing in Rusland te bou. As een van sy eerste take, het Lenin die landbou genasionaliseer en privaat eiendomsreg van alle grond afgeskaf. Kleinboere (landbewoners) was vry om die land te bewerk, maar alle eiendomsregte was nog in staatsbesit. Sy volgende taak was om nywerhede te nasionaliseer. Sommige nywerhede, soos die metallurgiese- en papierindustrie, was heeltemal genasionaliseer. Ander, soos die tekstielbedryf, wat individuele fabrieke gehad het, was net gedeeltelik deur die staat genasionaliseer. Private handel en banke is ook genasionaliseer. Deur sy nasionalisme program het Lenin verseker dat die middele van produksie, verspreiding en uitruiling in die hande van die staat beland het.

Al hierdie veranderinge is in die eerste Sowjet-grondwet van 10 Julie 1918 opgeneem. Die grondwet het voorsiening gemaak vir 'n (vestiging) Federasie van Sowjet-Nasionale Republieke waarin alle klasafdelings afgeskaf is. Vroue is as sosiale gelykes aan mans beskou en as 'n simbool van hierdie nuwe gelykheid moes mense mekaar “kameraad” of “burger” noem. Die grondwet het nie meer die kerk as ‘n regspersoon erken nie. Dit kerk kon geen eiendom besit nie en is van die staat geskei. Die onderrig van godsdienstige leerstellings in die skole is verbied. Nietemin, kon enigiemand in enige of geen godsdiens glo nie. Die nuwe grondwet het ook werkers en kleinboere (landbewoners) universele en gratis onderwys aangebied.

[Uit *Looking into the Past* deur Seleti Y, et al]

BRON 1B

Hierdie uittreksel fokus op die verskillende redes wat deur historici voorgestel is waarom die Oorlogskommunisme deur Lenin ingestel is.

Geskiedkundiges verskil met die rasionaal agter Oorlogskommunisme. Sommige beskou dit as ‘n gevolg van die voornemende begeerte van die Bolsjewiste om kapitalisme te onderdruk. Robert Conquest is van mening dat Oorlogskommunisme heeltemal in lyn was met Bolsjewistiese voorskrifte (beginsels) en dat dit ver van 'n "oorlog" -maatreël was.

Ander beskou oorlogskommunisme as die oorsprong in 'n reeks noodmaatreëls wat ingestel was om die toenemende moeilike ekonomiese en militêre situasies te hanteer, maar wat destyds in ideologiese terme geregverdig was. Isaac Deutscher sê dat die "desperate voordelige verskuiwings" van voedselrekwisisie (opeising), nasionalisering- en handelsbeperkings "vir die Kommunistiese party soos 'n onverwagte vinnige besef van sy eie program gelyk het.”

Lenin het tussen die ideologiese en pragmatiese verduidelikings gewissel. In Oktober 1921 het hy gesê “dat dit in die vorige lente al duidelik geword het dat ons ‘n nederlaag gely het in ons poging om die sosialistiese beginsels van produksieverspreiding deur 'direkte stormloop' bekend te stel, dit wil sê, op die kortste, vinnigste en mees direkte manier." 'n Paar maande voor dit het hy gesê dat “die Bolsjewiste in die toestand van 'n wrede oorlog geleef het wat 'n ongekende las op ons opgelê het en dat ons geen ander keuse gehad het as om oorlogstydmaatreëls in die ekonomiese sfeer te aanvaar nie."

[Uit www.johndclaire.net/Russo6_warcommunism.htm. Toegang verkry op 3 Maart 2019.]

BRON 1C

Die onderstaande bron beklemtoon die reaksies van die Sowjet-volk en die Kronstadt-matrose op Lenin se beleid van Oorlogskommunisme in 1921.

Die streng optrede van die regering [in die uitvoering van Oorlogskommunisme] is deur baie mense gekritiseer. Teen 1921 was duisende kleinboere in opstand teen die beslaglegging op hul graan deur die regering. Werkers in baie stede was aktief by die stakingaktiwiteite betrokke. "Hongerte" het die dorpe bekruip (bedreig). Een gevolg was 'n massiewe vlug van die bevolking na die platteland. Die stedelike bevolking, veral die aantal industriële werkers, het skerp gedaal tussen 1917 en 1920 . . .In die voetspore van die hongerte het epidemies gevolg, onder andere, Tifus. . . In twee jaar (1919 en 1920) het meer as 5 miljoen mense met Tifus siek geword. Van 1918 tot 1920 het 1,5 miljoen mense aan Tifus gesterf. Selfs die Kronstadt-matrose, wat in 1917 sterk ondersteuners van die Bolsjewiste was, het in 1921, in opstand teen die nuwe regering gekom.

Die matrose van Kronstadt, wat toegewyde sosialiste was, het die volgende geëis:

- 'n Einde aan kommunistiese diktatorskap
- Vrylating van politieke gevangenes
- Nuwe verkiesings
- 'n Einde aan graanrekwisisie (opeising)
- Vryheid van spraak, pers en byeenkomste

Dit was 'n besonder bitter klap in die kommunistiese regime. In 1917 het die Kronstadt-matrose 'n sleutelrol in die revolusie gespeel. Trotsky het hulle "die trots en glorie van die Russiese Revolusie" genoem. Die Rooiweermag is ingeroep om die opstand stop te sit. Sowat 10 000 mense het in die Kronstadt-konflik gesterf.

[Uit *Making History* deur J Pape, et al]

BRON 1D

Die bron hieronder is 'n hoofopskrif uit ‘n Russiese koerant, die Melodiya. Dit is gepubliseer in Oktober 1921. Dit beklemtoon Lenin wat die Russe toespreek aangaande probleme wat Oorlogskommunisme te staan gekom het en die behoefte aan die nuwe ekonomiese beleid.



[Uit *https://Lenintenth*communistpartycongress/speech1921, Toegang verkry op 21 April 2019.]

VRAAG 2: WAT WAS DIE GEVOLGE VAN DIE 1929 GROOT DEPRESSIE OP DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA?

BRON 2A

Hierdie uittreksel bevat 'n ontleding deur P Lane oor die koop en verkoop van aandele op die New Yorkse-aandelebeurs in die 1920's.

'n Maatskappy kon aandele, in die besit van hul besighede, op die aandelebeurs verkoop om geld te maak. Die maatskappye het dan hierdie geld gebruik om hul besighede uit te brei of om meer fabrieke te koop om hoër wins te maak. Wanneer die maatskappye goed doen, sal meer mense aandele in daardie maatskappy koop sodat hulle dividende (soort winste) kon verdien. Soos meer mense aandele in 'n maatskappy gekoop het, het die maatskappy se waarde verhoog. Daar sal 'n groter vraag na aandele in daardie maatskappy wees en die prys van aandele sal toeneem. Mense het geglo dat die koop en verkoop van aandele en spekulasie (koop en verkoop van aandele) op die aandelemark 'n maklike manier was om vinnig geld te maak. Spekulasie is ‘n vorm van dobbel. Spekulante koop aandele wat hulle nie van plan is om lank te hou nie. Hulle koop aandele wat hulle glo ‘n vinnige wins sal maak en verkoop dit sodra die pryse styg.

In die 1920's was spekulatiewe aandele wydverspreid. Spekulante het dikwels geld geleen om aandele te koop of hulle het aandele op skuld gekoop. Dit beteken dat hulle aandele gekoop het met geld wat hulle nie gehad het nie. Dit het ook beteken dat die waarde van die aandeel op die mense se bereidwilligheid om daardie aandeel te koop gegrond was, eerder as op die werklike waarde van die maatskappy. Teen 1928 het die aandeelpryse ver bo hul werklike waarde gestyg en hierdie styging is nie deur werklike industriële uitbreiding ondersteun nie.
Finansiële kenners het gewaarsku dat hierdie valse voorspoed (rykdom) nie sal duur nie, maar die meeste spekulante en die publiek het hulle geïgnoreer. Mense se vertroue in hul vermoë om geld op die aandelemark te verdien, het goed tot in 1929 geduur en die publiek kon nie daarvoor gekritiseer word nie. Maar, in September het aandeelpryse begin daal en paniek het ingeskop. Mense was huiwerig (onwillig) om in verdagte maatskappye te belê. Hulle het geglo dat iets verkeerd moes wees. Op 29 Oktober, 1929 het aandeelhouers 13 miljoen aandele “*gedump*”, en hierdie gebeurtenis was die sneller wat tot die ineenstorting van die Amerikaanse ekonomie gelei het.

[Uit *The USA in the Twentieth Century*, deur P Lane]

BRON 2B

Die uittreksel hieronder is deur Berton geskryf. Dit beskryf hoe die toepassing van Kapitalisme deur die Republiekeins geleide Amerikaanse regering en die Groot Depressie die swakhede van Kapitalisme en blootgestel het.

Amerikaanse Kapitalisme kan as die ekonomiese stelsel wat entrepreneuries en mededingend van aard is, gesien word, maar dieselfde stelsel sal vir die Groot Depressie van 1929 verantwoordelik wees. Navorsers het aangevoer dat vryemark Kapitalisme, wat in die 1920's ongereguleerd was, die Groot Depressie veroorsaak het. Privaat individue en sakeondernemings het voortgegaan met die produksie en uitruil van goedere en dienste deurmiddel van 'n netwerk van pryse en markte. Daar is 'n aantal sleutelkenmerke van Amerikaanse Kapitalisme. Eerstens is dit die basiese produksiefasiliteite soos grond- en kapitaalbesit. Tweedens, die interaksie van Amerikaanse kopers en verkopers in markte. Derdens is dit die vryemarkekonomie met minimale staatsbeheer oor besighede. Namate die VSA meer en meer geïndustrialiseer het, het die Laissez-Faire-beleid en -praktyke steeds meer probleme in die politieke en ekonomiese lewe van die Amerikaanse samelewing voortgebring. Die beginsel is dat die ekonomie die beste werk as privaat nywerhede nie gereguleer word nie en markte vry is. Namate die regering outonomie in die besigheidsektor aangemoedig het, het dit magtige individue geskep wat die ekonomie gemonopoliseer het. Daarbenewens was die ekonomie deur massaproduksie en massa korrupsie, deur advertensies wat 'n krediet-oplewing aangemoedig het, oorheers.

[Uit *The Great Depression 1929-1939*, deur Berton,P. 1990]

BRON 2C

Die bron hieronder is 'n uittreksel deur Berton. Dit het op ongelyke verdeling van welvaart (rykdom) en die hoofredes vir onderverbruik binne die VSA-ekonomie gefokus.

Nog 'n manier om na die Groot Depressie te kyk, is om dit as 'n krisis van onderverbruik te beskou. In hierdie siening is die Depressie nie deur te veel goedere wat geproduseer word veroorsaak nie, maar deur die feit dat mense te arm was om dit te kon bekostig. Terwyl produktiwiteit met 43 persent gestyg het en industriële wins in die 1920's met 72 persent gestyg het, het lone van werkers slegs met 8 persent gestyg. As werkgewers lone verhoog het en die maatskappywinste met die werkers gedeel het, sou werkers die geld gehad het om goed te koop. Die idee van voorspoed vir almal was 'n mite, Amerikaanse rykdom is oneweredig verdeel en die meerderheid Amerikaners kon nie bekostig om voort te gaan om verbruikersgoedere te koop nie, wat tot onderverbruik gelei het.

Aan die ander kant het ongeveer 200 groot trusts (multinasionale maatskappye) die Amerikaanse nywerhede oorheers. Die trusts is deur individue beheer en elkeen het byna volledige beheer oor meer as een belangrike sektor van die bedryf gehad. Byvoorbeeld, Carnegie het Amerikaanse staalvervaardigers beheer terwyl Rockefeller Amerikaanse olieproduksie beheer het. Hulle het groot wins, ten koste van gewone mense, gemaak. Wanneer daar 'n monopolie van 'n bepaalde bedryf was, was daar geen mededinging nie en sonder mededinging kon die oorheersende nywerhede pryse verander en werkers laer lone betaal. Hierdie het die swakhede in Amerikaanse kapitalisme ontbloot en het ook een van die voorste redes vir die Groot Depressie geword.

[Uit The Great Depression 1929-1939, deur Berton, P 1990]

BRON 2D

Die onderstaande bron is uit die *Brooklyn Daily Eagle* koerant geneem wat op 24 Oktober 1929 gepubliseer is. Die opskrif lui: "Wall St. is in paniek toe aandele ineenstort."

Fair, slightly cooler tonight. Friday fair. Fresh southwest to west winds.

BROOKLYN DAILY EAGLE

And Complete Long Island News

LATE NEWS
WALL STREET 1:15 PRICES ★★

89th YEAR—No. 295. ★ NEW YORK CITY, THURSDAY, OCTOBER 24, 1929. ★ REISSUE 32 PAGES THREE CENTS

WALL ST. IN PANIC AS STOCKS CRASH

Attempt Made to Kill Italy's Crown Prince

ASSASSIN CAUGHT IN BRUSSELS MOB; PRINCE UNHURT

Royal Suitor Was About to Lay Wreath on Unknown Soldiers' Tomb.

Princess, Deeply Moved, Falls Into Fiance's Arms and Kisses Him

Brussels, Oct. 24 (AP)—Crown Prince Humbert, after his return from the Unknown Soldier's Tomb where he escaped assassination, was receiving members of the Italian colony when his fiancee, Princess Marie Jose arrived. She hurriedly ran to him and fell in his arms kissing him passionately. The pale complexion of the Princess indicated how deeply moved she was by the attempt on her fiance's life. The Prince said: "All's well that ends well and I have myself informed my mother that nothing happened to her son."

Brussels, Oct. 24 (AP)—A shot was fired at Crown Prince Humbert of Italy at 9:45 a.m. today as he was about to lay a wreath upon the tomb of the unknown Soldier [illegible] Princess Marie Jose arrived here yesterday to celebrate his betrothal to Princess Marie Jose

Hollywood Fire Destroys Films Worth Millions

ATTEMPT MADE ON LIFE

Crown Prince Humbert.

Consolidated Studios Are Swept by Flames Fatal to One—Master Pictures Burned Include Many New Talkie Productions.

Hollywood, Oct. 24 (AP)—One man was killed and motion picture films, the value of which probably will run into millions of dollars, were lost in an explosion and fire which destroyed the laboratory of the Consolidated Film Industries here early today.

Fifty persons working in the building at the time of the blast ran to safety after the first explosion. Five minutes later there was a second detonation which shot flames through windows and doors, the laboratory workers escaping by the narrowest of margins.

The body of Albert Lund was removed from th wreckag by firmen. He died on the way to a hospital.

Due to the fact that the master

Please Turn to Page 15

CARNEGIE CHARGE OF PAID ATHLETES HOUSES COLLEGES

HOOVER'S TRAIN HALTED BY AUTO PLACED ON RAILS

FEAR 52 PERISHED IN LAKE MICHIGAN; FERRY IS MISSING

Wreckage Picked Up Indicates Craft Went Down With All Aboard.

Milwaukee, Wis., Oct. (AP)—Hope that the car ferry Milwaukee of the Grand Trunk fleet with 52 aboard, had weathered the 48-hour storm on Lake Michigan faded today with a report that wreckage from a boat had been picked up 19 miles off Wind Point, which is about 4 miles nor th of Racine.

Capt. C. N. Bedell of the steamer Colonel told Grand Trunk officials here that he sighted empty lifeboats, mattresses and the upper parts of a white cabin floating in the lake off Wind Point. The upper part of the Milwaukee was painted white.

Some of the wreckage was picked up by the Colonel but not of it carried any markings to make identification certain, Captain Bedell said.

Freighter Donaldson Safe.

Superior, Wis., Oct. 24 (AP)—The freighter Donaldson, overdue here since Tuesday night, arrived this morning from Apostle Islands, where it had put in to wait abatement of the storm which swept the Great Lakes. The Donaldson was loaded with coal.

31 Rescued on Lake Huron.

Sault Ste. Marie, Mich., Oct. 24 (AP)—Twenty-three seamen and officers of the stranded steamer Maple Court of the Canada Steamship Lines were rescued by a Coast Guard

PIECE OF PLANE LIKE DITEMAN'S IS FOUND AT SEA

Black and Orange Wreckage Indicates Daring Flier Went to Death.

St. John's, N. F., Oct. 24 (by the Canadian Press)—The report from Harbor Grace that the S.S. Kyle had picked up a message from an unidentified ship concerning the finding of airplane wreckage was stated by the Newfoundland management to be without foundation, the management has had no message from the Kyle.

Harbor Grace, N. F., Oct. 24 (AP)—A radio message from "Operator Serrick" of the S. S. Kyle today advised that he had picked up a Marconi message from the S. S. Scythia that another ship, name unknown, had discovered a piece of airplane wreckage at 2 p.m. yesterday. The wreckage was black and orange. The message did not give the ship's position.

The S.S. Kyle is presumably the Newfoundland Government ship of that name.

[The little plane in which Urban F. Diteman essayed to cross the Atlantic from Harbor Grace to London had a black fuselage and its wings were painted orange.]

No Diteman Gas in Greenland.

Copenhagen, Oct. 24 (AP)—Daugaard Jensen, Governor of Green-

High Duty Group Gave $700,000 to Coolidge Drive

Grundy Agrees Rates Went Up Due to His Activities as Propagandist. Favors More Lobbying to

Washington, Oct. 24—Joseph R. Grundy, Bristol, Pa., manufacturer who admittedly has been lobbying in the capital for several decades in the interest of a protective tariff, testified before the Senate Lobby Committee today that he raised $700,000 for President Coolidge's campaign in 1924 and that most of the money came from interests seeking higher tariffs.

He intimated that he was in favor of more lobbying for higher du-

Please Turn to Page 2.

FOR MORE LOBBYISTS

WARDER SOUGHT TO KEEP SEA TRIP

SOMERS NAMED AS HEAD OF NEW

STOCKS CRASH IN RUSH TO SELL; BILLIONS LOST

Morgan, Mitchell Buying Stocks in Effort to Check Rush to Unload.

Wall Street was in a panic today, with no one to guide it out. Stocks crashed 10 to 50 points to outrageous levels. Wheat broke 10 cents a bushel in Chicago on distress selling. Bankers were offering some support, but admitted the situation had gotten beyond them.

Charles E. Mitchell, chairman of the National City Bank, was conferring in the office of J. P. Morgan & Co., it was understood, and other leading bankers were there.

It was also understood the Morgan partners had been talking by telephone with J. P. Morgan in London all morning.

By noonday the best information was that they had been buying stocks, but that the situation had gotten beyond them.

Panic reigned on the Stock Exchange today. Stocks broke terrifically, without any support whatever. Declines of 10 and 20 points were

[Uit *Spot On History*, deur B Cloete et al. 2013.]

WALL ST. IN PANIEK TOE AANDELE INEENSTORT

VRAAG 3: HOE HET HITLER SE RASSE-IDEOLOGIE VAN EUGENETIKA TOT DIE (HOLOCAUST) MASSAMOORD VAN DIE JODE IN DIE 1930s GELEI?

BRON 3A

Die uittreksel hieronder fokus op hoe wetenskaplike-rassisme, die manier waarop die Ariëse volk beskou moes word, beïnvloed het, volgens Adolf Hitler in Duitsland.

In die 19de eeu het sommige Europeërs oor ras begin dink om Rasse Superioriteit en diskriminerende praktyke in hul lande te regverdig. Hulle het die fisiese verskille tussen mense op 'n rassistiese manier gebruik om hul siening te bevestig; dat blankes beter as almal was. Hierdie teorieë het bekend geword as wetenskaplike-rassisme. Wetenskaplike-rassisme het die wetenskap en wetenskaplike eksperimente, as deel van eugenetika om ‘n hiërargie (rang) van rasse te bevorder, gebruik. Eugenika het die metode geword om die die kwaliteit van die menslike ras, veral deur selektiewe teling, te verbeter.

Dit was nie ‘n verrassing dat die Nazi-rasse-ideologie die idee van ‘n hiëargie van rasse insluit waarin alle rasse nie gelyk was nie. Hitler het geglo dat die Duitsers lede van ‘n superieure ras was wat die Ariëer (meesterras) genoem word. Die Nazi’s het die Duitse volk dus as die hoogste skepping van ‘n ras gedefinieer, mense met natuurlike goeie gesondheid, aggressief, superieur, intelligent en dapper. Maar Hitler het gewaarsku dat die Duitse Ariëse volk intern bedreig sou word deur gemengde huwelike tussen suiwer Ariëse Duitsers en lede van minder-waardige rasse soos die Jode, Roma, Africans en Slawiërs.. Dit is gesê dat die nageslag van hierdie huwelike, die superieure eienskappe wat in die Duitse bloed weerspieël word, verwyd en sodoende die ras verswak in sy stryd teen ander rasse vir oorlewing.

Die Duitse regering se ingryping is deur teelprogramme en genadedood (barmhartigheidsdood) gesien, om die reproduksie van die beste eienskappe moontlik te bevorder. Hierdie houding sou in die toekoms tot die Holocaust lei; ‘n gebeurtenis wat in Europa as voorbedagte massamoord, deur die Nazi’s, op ses miljoen Jode beskou word. Een Jood het gesê: “Natuurlik het ek altyd geweet dat die term ‘genadedood’ deur die Nazi-moordenaars as ‘n eufemisme gebruik was om hul moord op mense, wie se lewe hulle as onwaardig beskou het, te kamoefleer.

[Uit https//eninglopedia/ushmm.org/victims of the nazi era/nazi. Toegang verkry op 20 April 2019]

BRON 3B

Die foto hieronder, getiteld “Uitgehongerde gevangenes”, dui Jode wat byna dood is van die hongerte, in die Nazi-konsentrasiekamp in 1934.

“UITGEHONGERDE GEVANGENES”

[Uit *https://starved-prisoners,* Toegang verkry op 21 April 2019]

BRON 3C

Hierdie bron verduidelik die omstandighede in die Belzec-uitwissingskamp.

Die eerste konsentrasiekamp in Duitsland is vinnig ná Hitler se aanstelling as Kanselier in 1933 gestig, en toe in 'n uitwissingskamp, onder "SS Death Head Division, Waffer SS", verander. Massamoord op die Jode was die eindresultaat van Hitler se fundamentele oortuigings en ras-ideologiese oortuigings. Anders as konsentrasiekampe, het Nazi-Duitsland gedurende die Tweede Wêreldoorlog uitwissingskampe gebou om miljoene Jode, Slawiërs, Pole en teenstanders van Nazisme stelselmatig dood te maak. Die slagoffers van die doodskampe is hoofsaaklik deur vergassing doodgemaak, hetsy in permanente installasies wat vir die spesifieke doel gebou is, of deurmiddel van gaswaens.

Volgens Rudolf Reder, een van die oorlewendes van Belzec, onthou hy die proses van vergassing wat daagliks plaasgevind het. "Verskeie SS-manne het die vrouens met swepe en bajonette na die geboue forseer, wat die gaskamers huisves het, drie trappe na 'n saal en . . . SS-manne het sewe-honderd-en-vyftig mense in elke kamer getel. Diegene wat nie wou binnegaan nie, is met bajonette gesteek en binne-in gedwing; daar was oral bloed. Ek het gehoor hoe die deure gesluit word, die gekerm, geskree en snikke van wanhoop . . . die gehuil van die kinders en vroue, wat die bloed in my are laat rys het. Toe kom die laaste vreeslike geskree. Dit alles het vyftien tot twintig minute geduur, waarna daar stilte was."

[Uit *The Holocaust, William Collins Sons & Co* deur Gilbert, M]

BRON 3D

Die artikel hieronder getiteld “Gevolge van die Nuremburg-wette op die Jode”, is deur A Cloete en C Dugmore geskryf. Dit ontleed hoe die Jode hul burgerskap in Duitsland, onder Adolf Hitler, verloor het.

Hitler het die Joodse volk die skuld gegee vir al die teëspoed van die Duitsers. Hy het geglo dat mense wat nie van die Ariër ras was nie, minderwaardig was en besluit om die Nuremburg-wette te bekragtig om die Jode hul menswaardigheid en burgerskap te ontneem. Hitler het ook besef dat hoe meer hy instaat was om die Joodse volk te ontneem van hul menswaardigheid, hoe minder waarksynlik die Duitse volk sou wees om weerstand te bied, wanneer hy die Jode uit die samelewing begin verwyder. Die Nuremburg-wette is in 1935 bekragtig en het alle regte van die Joodse volk verwyder. Hulle is van Duitse burgerskap ontneem; hulle is verbied om met nie-Jode te trou; hulle kon nie in enige regeringskantoor indiens geneem word nie, en hulle kon nie in die weermag dien nie. Hulle was ook nie toegelaat om medies of enige ander beroep te beoefen nie. Teen 1936 was die helfte van die Duitse Jode werkloos.

Oor die volgende paar jaar is Jode gedwing om hul eiendom by die regerende Nazi-party te registreer. Geen Joodse persoon kon aan ‘n Duitse universiteit of skool registreer nie an al die Jode moes identiteitskaarte dra. Hitler het die haat vir die Jode doelbewus bevorder omdat hulle nie by die Nazi-definisie van Ariër (meesterras) gepas het nie. Volgens hom, was hulle onsuiwer mense wat nie verdien het om te lewe nie. Toe Hitler hierdie bereik het, het die anti-semitisme en haat teenoor die Jode van vervolging na moord oorgeskakel.

[Uit *Nations have the right to kill: Hitler, the Holocaust and War,* deur Koeningberg, R. A.]

ERKENNINGS

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem:

Berton, P. 1990. The Great Depression 1929 -1939

Cloete, B. et al. 2013. Spot on History

https//enginglopedia/ushmm.org/victims of the nazi era/nazi, Toegang verkry op on 20 April 2019

http//www.johndclaire.net/Russ06_warcommunism.htm, Toegang verkry op on 3 March 2019

*https://Lenintenth*communistpartycongress/speech1921*,* Toegang verkry op on 21 April 2019

http://starved-prisoners, Toegang verkry op on 21 April 2019

Gilbert, M. Williams Collins Sons & Co. The Holocaust

Koeningberg, R. A. Nations have the right to kill: Hitler, the Holocaust and War

Lane, P. 1989. The USA in the Twentieth Century

Pape, J. et al. 1996. Making History

Seleti, Y. 1995. Looking into the Past

Kopiereg voorbehou